

# GAMTOOS



Die Gamtoos kamp het plaasgevind vanaf 19 tot 21 Mei 2017.

Weereens is daar heerlik gekamp by Gamtoos. Geen werklike wind om van te praat nie, maar dit is definitief besig om winter te word. Teen laatmiddae het die weer verander en was die aande bietjie koeler. Dit was lekker leppellê weer. Ischke het vir ons boekevat gehou, en die inbetalings is daarna gedoen. Almal het die geleentheid geneem om heerlik om die braavure te kuier.

Saterdagoggend het van die lede by "Spekboomlaagte" gaan ontbyt. Regte somers weer. Saterdag om en by 12uur het ons heerlike "poedings" verkoop om die Streekskas bietjie aan te vul, want volgende jaar hou Oos-Kaap die 100+. Baie dankie aan elkeen se bydrae tot die verkoop.

Saterdagaand het Leonora Moggee vir ons boekevat gehou. Daar was 'n krag onderbreking van 18:00 tot 20:00 dié aand. Party lede het vroeg gaan inkruip, weet nou nie het ons dou of 'n fyn reëntjie gehad nie. Die ander lede het heerlik gekuier om die vure.

Sondagoggend het Emil Viljoen van Blouwaterbaai vir ons 'n pragtige boodskap oor die natuur gebring. Almal het die heerlike weer na diens nog geniet, gebraai en pot gemaak. Party lede het nog gou 'n draai gery na Jeffreysbaai om te gaan vis eet. Baie traag het ons die middag begin oppak om huiswaarts te keer.

Baie dankie aan almal wat gehelp het om dit 'n heerlike naweek te maak.

Groete

Liana en haar span

## GAMTOOS PLAATJIES

Peter & Leonie van Renburg 30 Streek  
Kallie & Denise Kalltenbrunn 25 Algemeen

